

# Die Fontein

**Geloof is aksie**

Dit borrel in my!

Gebruik jou gawes ...

Geloof. Hoop. Liefde

Februarie 2026 02/26 GK Pretoria-Annlin Maandblad

# Die Fontein
Maandblad

## HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN
FEBRUARIE 2026

Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin

### Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen


### Geestelike groei

02 Woordoordenking: Waardevolle godsdiens
03 Glo om te kan sien – geloof word dade!
05 Geloof. Hoop. Liefde.
06 Gebruik jou Geestesgawes
07 Gebedsversoeke


### Gemeentenuus

08 Gaan ons oorleef?
09 Graad 1's begin hul kategese / KKnK
10 Genade-op-genade! / Kerkfinansies
11 Ons leer ken ...


### Rubrieke

13 Kollig: Versorging
14 Diakonie: Kongres
15 Dit Borrel in my!
16 Blokraai
17 Het jy geweet?
18 Diere en voëls van die Bybel
19 Tienerfokus
23 Briewekolom


### Kinderhoekie

20 Kortverhaal
21 Kleuterpret
22 Jongmensjolyt


### Advertensies

24 Snuffelfontein
25 Blokadvertensies

# Redaksioneel

## Uit die redakteur se pen

Redaktrise / Magda du Toit

Die jaar het behoorlik in snelrat weggespring en party van ons voel alreeds asof 'n dag of twee by ons verbygegaan het. Maar dit is juis te midde van hierdie besigwees, dat ons so bietjie moet stilstaan om te besin oor waarheen ons in 2026 en daarna in ons geloofsreis op pad is.

Ons tema vir hierdie uitgawe van Die Fontein is: **Geloof IS aksie.**

Geloof wat in ons harte is, moet uitwerk na buite – dit moet as't ware vrygestel word. Ons is seker dat die artikels in dié maand se uitgawe as **aansporing sal dien om werk te maak van jou geloof – om aksie te neem** en volstoom die gewig agter jou werksaamhede in ons gemeente, die gemeenskap, tuis en by die werk in te gooi om so oral geloofsvrug te dra.



In die maand se uitgawe lees ons meer oor die werksaamhede van ons diakonie, ons leer nuwe lidmate ken en beleef ook die Here se seën en genade met die doop van Kaci Dobson asook die voorstelling van al die nuwe graadeens. Maak ook seker dat dié uitgawe van Die Fontein by al ons dooplidmate, van kleuter tot tiener, uitkom. Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en by die Kerkkantoor in te dien.

U is welkom om enige briewe, geloofservarings of ander nuus per e-pos in te stuur na fontein@annlin.co.za.

Lekker lees!

Stuur asseblief jul insette en advertensies na **fontein@annlin.co.za.**

Of gooi jou brief in die boksie by die kennisgewingbord.

Of stuur jou boodskap na die kerkkantoor na 079 162 3453.

**Teks vir die maand: aansporing om te dien**

Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan.

**Galasiërs 5:6**

# Geestelike groei

## Woordoordenking: Waardevolle godsdiens

Ds. Pieter Kurpershoek

**Lees: Jakobus 1:19-27 (fokus 1:26-27)**

Wanneer ek sê dat ek aan Jesus Christus behoort, is dit belangrik dat ek eerlik sal wees oor my godsdiens, oor hoe ek prakties as kind van die Here leef:

- Is my godsdiens **waardeloos**, met ander woorde onbruikbaar vir die Here, dit maak geen verskil aan my as mens, aan my manier van leef of aan my omgewing nie?
- Of is my godsdiens **suiwer en onbesmet**, met ander woorde leef ek op so 'n manier dat ek by die Here se manier van doen inpas en vir Hom bruikbaar is?

Jakobus spoor ons aan om as kinders van die Here **WAARDEVOLLE GODSDIENS** te leef.
Prakties beteken dit onder andere:

- Jy hou jou tong in toom. Ek kry dit reg om te dink voor ek praat en leef dus met selfbeheersing, wat deel van die vrug van die Gees is. **Ek laat die Gees toe om my te beheers en leef uit Jesus!**
- Jou hou jouself skoon van die besmetting van die wêreld. Ongelowiges en mense wat sonde goed praat, beïnvloed nié my manier van lewe nie. Ek word nié deur die sonde ingesluk nie. **Ek doen wél moeite** om versoekinge te weerstaan, **om teen sonde te stry, om in my gewone lewe van elke dag getrou aan die Here te leef.**
- Jy staan weduwees en weeskinders in hul moeilike omstandighede by. Ek help juis dié mense in die samelewing wat blootgestel is en swaarkry. **Ek leef die Here se liefde** deur my hande en voete vuil te maak in my uitreik na mense in nood. Ek is opofferend lief, juis vir hulle wat weerloos is.

Die Here het SY liefde rééds vir ons gewys. Die Here Jesus het ons rééds verlos. Die Here se Gees hét rééds in ons begin werk.

Laat ons ons daarom elke dag daarop toelê om **WAARDEVOLLE GODSDIENS** te leef!

**Sing: Lied 284:1-3**



# Glo om te kan sien – geloof word dade!

Henriëtte Mulder

Ons almal het seker al een of ander tyd die frase "ek sal dit glo as ek dit sien" gebruik. Vir ons as mense is die feit dat ons iets wil sien voordat ons dit glo so deel van ons. Gedeeltelik is dit omdat wanneer ons mense die voordeel van die twyfel gegee het, hulle ons teleurgestel het – die vertroue is dus verbreek.

Maar ons vergeet, ons as Christene se geloof is gebou op die dinge wat ons nie sien nie. Vandag kan ons nie Jesus in persoon sien nie, maar ons glo dat Hy hier was, ons glo dat Hy vir ons sonde gesterf het, ons glo dat Hy die Seun van God is en een van die Heilige Drie-eenheid is. Só hoe glo ons sonder dat ons sien?

Die Heilige Gees wek geloof in ons en wanneer ons veg teen die Gees, maak dit dit vir ons moeiliker om te glo. Jesus het tussen die dissipels vir Tomas geroep om aan Sy wonde te vat en toe aan hom gesê:


> **"Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo."**
> (Joh. 20:29)

**"Tog moet ons geloof ook sigbaar wees en sigbaarheid kom deur aksie."**

Is geloof dan nie juis om te glo in dit wat ons nie sien nie?

Tog moet ons geloof ook sigbaar wees en sigbaarheid kom deur aksie. Soos wat Jakobus in sy brief genoem het, is geloof sonder dade (aksie) dood. Hy noem in Jakobus 2:18-25 twee voorbeelde uit die Bybel (uit die geskiedenis van ons geloof) van mense wie se geloof met aksie gepaard gegaan het: Abraham wat geglo het dat God sal sorg, daarom kon hy Isak offer en Ragab wat die verspieders gehelp het, se lewe is gespaar (al kon sy haar lewe verloor a.g.v. haar eie mense).

Jakobus sê: "**... wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade.**"



# Glo om te kan sien – geloof word dade! (vervolg)

**"Ons geloof kan nie dood wees nie en dit kan ook nie onsigbaar wees nie – ons glo sonder om te sien en daarom gaan dit oor in aksie."**

Ons kan nie sê ons glo en aanhou leef volgens wat verkeerd is nie, ons kan nie aanhou doen wat die wêreld doen nie. Christus se losprys het ons verander en verandering kom saam met dade. Ons geloof en ons dade is nie van mekaar geskei nie. Ons geloof word ook vir ons sigbaar deur ons dade, want ons bly steeds mense en soms oorval die twyfel ons steeds omdat ons nie sien nie.

En ja, soms dink ons dat die mense in Jesus se tyd makliker geglo het omdat hulle gesien het, maar as ons na die Bybel kyk, sien ons dat dit nie noodwendig die geval is nie. Meer as een persoon het gesien, maar nooit geglo nie. Party moes sien voor hul glo en dan is daar die gelukkiges – hulle wat kan glo sonder om te sien.

Jesus herinner ons dat ons moet glo soos kindertjies en meestal glo hulle sonder sien en kan mens ook hulle geloof in hulle dade sien. Hulle is gou om liefde te wys deur drukkies, briefies en 'n blom uit die tuin vir iemand – dis eenvoudig, maar dit wys hulle geloof.

Net so moet ons geloof oorsit in dade, waar ons byvoorbeeld stil by iemand is wat deur swaar tye gaan, 'n kospakkie vir iemand wat niks het nie gee of waar ons ons tyd aan 'n saak of persoon skenk.

Ons geloof kan nie dood wees nie en dit kan ook nie onsigbaar wees nie – ons glo sonder om te sien en daarom gaan dit oor in aksie.



# Geloof. Hoop. Liefde.

Magda du Toit

> **“Geloof móét oorgaan tot aksie. Ons moet een word met ons geloof en dit uitleef.”**

Geloof is nie net nog ’n besitting wat ons in ’n vertoonkas kan uitstal of teen ’n muur hang soos ’n sertifikaat nie.

Maar nou het ons geloof – wat maak ons daarmee? Paulus verduidelik in Romeine 6:13 wat ons met ons geloof moet doen:

**Stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. Ons lewe is nou een van dankbaarheid teenoor God, en ons doen sy wil uit blye dankbaarheid. Dit is ook vir ons die allerbeste soort lewe.**

Jakobus waarsku verder in sy brief dat geloof wat nie tot dade oorgaan nie, ’n dooie geloof is (Jak. 2:14 –17).

**Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so ’n geloof ’n mens red? Sê nou daar is ’n broer of ’n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: “Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,” maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.**

Geloof is iets wat ons ontvang het om mee te werk. Geloof is iets wat elke dag aandag moet kry en groei. Om maar net te sê “ek glo” is nie genoeg nie. Geloof móét oorgaan tot aksie. Ons moet een word met ons geloof en dit uitleef. Glo en doen is dus twee karperde wat sáám ingespan word en nie sonder mekaar kan funksioneer nie.

Elkeen van ons is opgeroep tot diensknegte om die wil van God deel te maak van ons alledaagse doen en late. Die Here verwag dat ons in sy koninkryk sal werk. Kyk wat staan in 2 Petrus 1:5-8:

**En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.**

Uit ons geloof groei deugsaamheid en liefde. Geloof en liefde lei verder tot hoop.

Geloof is genade van God. Hoop is gesetel in ons kennis van God. Liefde ontspruit uit God se liefde vir ons en ons verlossing deur Jesus Christus. Geloof, hoop en liefde is die basiese boustene van Christenskap.

Die drie eienskappe, Geloof, hoop en liefde, saam maak Christenskap uniek. Die drie eienskappe is soos die drie bene van ’n driepootpotjie – as die een been afbreek, wankel die potjie.

Paulus skryf aan die gemeente in Korinte hoe belangrik dit is dat hulle hulle op hul genadegawes moet toelê. Trouens, hy wy ’n hele hoofstuk daaraan. Maar dan eindig hy met die klimaks: **“En nou, geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie en die grootste hiervan is die liefde!”**

## Gebruik jou Geestesgawes

Gerhard van Staden

Geestelike gawes is spesiale vermoëns wat deur die Heilige Gees aan gelowiges gegee word (Rom. 12:6-8). Hierdie gawes verskil van natuurlike talente. Dit is **spesifieke werkings van die Gees, gegee uit genade, met die doel om die Kerk op te bou en ander te dien** (1 Kor. 14:12). Geestelike gawes is sigbare tekens van God se genade en teenwoordigheid in 'n gelowige se lewe. Dit word gegee om die liggaam van Christus te versterk en sy liefde en waarheid aan die wêreld te openbaar.

God is vrygewig en goed. Hy gee aan sy kinders alles wat hulle nodig het om Hom goed te dien. Jou geestelike gawe word dikwels sigbaar wanneer jy begin dien (1 Pet. 4:7-10). As jy vra, sal God wysheid gee – nie net om ander te dien nie, maar ook om jou plek in die liggaam van Christus te verstaan (Rom. 11:4-5).

Gawes word nie volgens belangrikheid geag nie. Elke gelowige ontvang iets. **Almal is nodig sodat die Kerk kan funksioneer soos Christus dit bedoel het** (1 Kor. 12:12-31). Om jou geestelike gawe te ontdek, moet jy God in gebed daarvoor vra. Let op wat jou motiveer (2 Tim. 1:6), wat jou hart swaar maak en hoe jy geneig is om te dien. Jou gawe word dikwels duideliker namate jy begin dien. Ander gelowiges kan jou ook help om raak te sien wat God reeds in jou geplaas het (Rom. 12:6).

**Hoe weet jy of jy 'n gawe het?**

1. Eerstens, jy doen iets besonder goed.
2. Tweedens, dit maak energie by jou los. Al is jy moeg, voel dit of jy net kan aangaan en aangaan.
3. Derdens, dit bring en gee vreugde vir jou om dienswerk te verrig.

**Hoe kan jy jou gawe gebruik?**

Deur na God se stem te luister (Joh. 10), meer tyd saam met God te spandeer en deur meer tyd saam met gelowiges deur te bring. Jy kan 'n groter oorgawe aan God bewerkstellig deur meer tyd aan gebed (Kol. 4:2) te bestee, deur te streef na geestelike volwassenheid (Ef. 4:11-13) en deur geestelike wapenrusting (Ef. 6: 10-20) te bekom. Vernuwe jou denke, suiwer en bevry jou gees van vrees, skuldgevoelens en minderwaardigheid (Ps. 23:4). Leef in die vrug van die Gees (Gal. 5:22) en fokus op jou gawes. Baie belangrik is om nie jou gawes te verwaarloos nie (1 Tim. 4:14). Doen ook moeite om jou gawes verder te ontwikkel en te verbeter (2 Tim. 1:6).

**Gebruik jou gawes ... raak betrokke in ons gemeente ... en dien Jesus!**

**Hoe doen ek dit?**

Ons nuwe 2026 kerkkalender se agterblad het 'n volledige lys van kommissies en diensgroepe met kontakpersone se name en telefoonnommers. Kontak hulle – hulle is daar om jou te dien!

## Gebedsversoeke

Carina Pyper

Geneem uit Abba Vader Gebedsboekie

**2 Timoteus 4:7-8 sê:**

**Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het.**

**Gebed**

**Here, laat my nie sterwe voordat ek die doel nader en bereik het wat U vir my lewe gestel het nie. My ontfermer, voordat ek, al is dit op 'n oneindige afstand, nie kan sê: Ek het U Naam verheerlik op aarde, ek het die werk voleindig wat U my gegee het om te doen; voordat ek nie kan sê: Nou laat U, Here u dienskneg gaan in vrede volgens U Woord omdat my oë U heil gesien het; voordat ek nie kan sê: U is my lewe en die sterwe 'n wins; voordat ek nie kan sê: Ek weet U leef en dat ek in ewigheid by U sal lewe, met U en in U, laat my nie sterwe nie. AMEN (J.C. Lavator)**

**Gebed vir ons gemeente en ons kerk.**

**Kolossense 4:2-8 sê VOLHARD in die gebed en waak daarin met danksegging; en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die Woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, waarvoor ek ook in boeie is, dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek. Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit. Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord.**

**Here in die Hemel, seën ons gemeente en ons kerk. Mag ons gemeente in liefde vir mekaar en alle mense groei. Seën ons kerkleiers en predikante, dat hul U Woord sal verkondig en deur die Gees gelei word. Ons bid vir eensgesindheid in ons kerk, deur die werking van die Heilige Gees. Dat ons nederig sal wees en omdat ons glo, ons nie besorgd sal wees nie, maar ook dat ons in danksegging en smeking ons begeertes aan U sal opdra en sal weet dat U wil sal geskied, dat ons ons daarin kan berus.**

**Seën asb. ons laerskool- en hoërskooljeug, seën asb. al die diensgroepe en ook die Gebedsgroep vir ons Jeug wat 'n nuwe aksie in ons gemeente is.**

**Laat U Naam geheilig word, laat U Koningkryk kom. Laat U wil geskied. In Jesus Naam. AMEN**

# Gemeentenuus

## Gaan ons oorleef?

Gerhard van Staden



Op Saterdag, **17 Januarie 2026** het die ouderlinge en diakens bymekaargekom vir 'n informele ken-mekaar-geselligheid. Soos altyd het ds. Pieter weereens 'n troefkaart te voorskyn gebring wat 'n besondere bydrae tot die algehele sukses van hierdie geleentheid gelewer het.

Die funksie het die vorm van 'n hamburgerbraai aangeneem. Br. Jan Idema het gesorg dat sy gasbraaier gereed was en ook sekergemaak dat die hoofbestanddele beskikbaar is. Susters Ena Britz, Renate Wannenburg, Renske Hofmeyer en Carina Pyper het gesorg dat die broodrolletjies, tamaties, blaarslaai, kostafels en dies meer gereed was vir 'n salige byeenkoms.

Ds. Pieter se troefkaart? 'n Ysbreker! 'n Vliegtuig val in Kanada, dit is yskoud en slegs 12 items word uit die wrak gered! Eers word die vraelys voltooi, toe word ons in groepies verdeel om die 12 items van belangrikste na onnodigste te rangskik. Natuurlik het die groepie wat toevallig uit die ingenieurs en wetenskaplikes bestaan het die situasie totaal en al oorgeanaliseer, tot groot vermaak van die res! Toe is ons weer terug na ons sitplekke. Ons skaterlag. 'n Bottel Jack Daniels kry nuwe betekenis, 'n leë sigaretaansteker word as lewensbelangrik geag, 'n koerant word 'n baadjie teen die wind en 100 g sjokolade word as minderwaardig geag! Die finale lewensles? Dit is baie beter om as 'n groep te funksioneer as om dinge op 'n individuele grondslag te wil probeer doen.

Dank en waardering aan almal wat hulp verleen het. Ons sien uit na DV 2027 se funksie.



## Graad 1's begin hul kategese

Gerhard van Staden




Op Sondag, **18 Januarie 2026**, tydens die erediens het drie graad eentjies met hul kategese begin. Saam met hul ouers is hul na vore geroep om hul Bybels van tannie Liza Vosloo te ontvang. Na die oorhandiging het ds. Pieter vir hulle gebid en het die gemeente vir hulle gesing.

Aan Louciano, Gerhard en Cecilia: baie geluk en baie sterkte!



## KKnK

Die Kom Kuier na Kerk **(KKnK)** is 'n entiteit wat deel vorm van die **Sosiale Diensgroep** in ons gemeente. Die voorsitter van die Sosiale Diensgroep is sr. Rita Kruger. Die KKnK stel hom ten doel om ons gemeente as 'n gemeenskap van gelowiges byeen te bring waar daar op 'n informele wyse gekuier word. Om dit te doen, word daar op 'n maandelikse grondslag, met die uitsondering van die kwartaallikse nagmaaletes en die paasnagmaalete, na die aanddiens gekuier. Die res van die jaar se skedule is as volg:

15 MAART

19 APRIL

07 JUNIE

26 JULIE

13 SEPT.

29 NOV.

U word hartlik uitgenooi om hierdie byeenkomste by te woon. Teken gerus hierdie datums in u dagboeke aan en kom kuier na kerk saam met ons!

## Genade-op-genade!

Ds. Pieter Kurpershoek



Op **22 November 2023** word klein **Kaci Dobson** gebore ... op 30 weke, terwyl sy net 1.1 kilogram weeg. Vir 68 dae is sy in die NISE (natale intensiewe sorgeenheid), maar elke dag hou ons Here haar in SY hand.

Geleidelik word sy sterker totdat sy op **29 Januarie 2025** kan huis toe gaan. Steeds bly haar liggaampie broos, maar steeds weet ons ook sy leef elke dag reeds as dogtertjie van ons Here!



Groot was die opgewondenheid dat sy sterk genoeg is (en die dokter gemaklik genoeg is) dat sy gedoop kan word. Op Sondag **25 Januarie 2026** bevestig die Here dat Hy Hom aan haar verbind het en dat Hy haar wil versorg, met Jesus se bloed skoonwas en deur die Gees in haar wil woon en werk!

Watter voorreg was dit nie – ook vir elkeen wat deel was van die erediens! Ons is saam met pappa Michael, mamma Nericha, asook oupa Werner en ouma Marietjie Powroznik, dankbaar vir die Here se genade in haar lewe!

## Kerkfinansies

Die stand van ons gemeente se finansies vir einde Januarie en Februarie sal in die volgende uitgawe van die maandblad verskyn.

# Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Hierdie maand is die maand om ’n aantal oud-Bergsiggers in ons gemeente te verwelkom en ook ou bekendes terug te verwelkom. Mag julle voluit hier inskakel en saam met ons almal vanuit, deur en ter wille van ons Here Jesus leef!

## Martie van den Berg, Elize Helberg en Laetitia Saayman

Twee sussies en ’n vriendin. Drie geloofsussies. Elkeen bly in haar eie huis by Bergvallei, maar sáám stap hulle om aktief en fiks te bly. En sáám wil hulle ook in ons gemeente inskakel en diensbaar wees.



**Martie van den Berg** is die ousus en het saam met Elize Helberg (née van den Berg) in Pretoria opgegroei. Hulle het vir meer as 50 jaar in die omgewing van Bergsig-gemeente gebly. Hul moeder het later by Martie kom bly en sy het haar uiteindelik tot met haar afsterwe versorg. Martie het vir 44 jaar by die Departement van Menslike Huisvesting gewerk waar sy later ’n senior bestuurder was tot sy in 2019 afgetree het. Tans hou sy baie daarvan om te lees, terwyl Elize se kinders en kleinkinders haar soos ’n tweede ma en ouma met liefde omvou.



**Elize Helberg** het drie kinders, ’n dogter wat ’n argitek is en verlede jaar Kaap toe getrek het, ’n dogter wat as rekenmeester hier in Pretoria werk en woon en ’n seun wat saam met sy vrou en dogtertjie tans in die Kaaimanseilande werk. Elize het vroeër by die Departement van Grondsake gewerk waar sy veral met die staatsgrond gemoeid was. Na haar aftrede bly sy aan die oefen (sy is deel van ’n stapklub), lees sy ook, maar beslis nie sulke dik boeke soos ousus nie, terwyl sy ook daarvan hou om te bak.



**Laetitia Saayman** het aan die Oos-Rand opgegroei, maar is sedert haar studentedae ’n Pretorianer. Sy is as chemiese analis opgelei en het by die Daspoort rioolwerke in die laboratorium gewerk. Hier het sy haar man, Gert, ontmoet, wat toe reeds drie seuns gehad het. Hulle het saam nog twee seuns gekry en in totaal het Laetitia tans agt kleinkinders. Twee van hierdie kleinkinders is ook die kleinkinders van Roel en Riana Beumer, aangesien hul dogter met Laetitia se jongste seun getroud is. Tans kuier sy baie aan die Weskus of in Mosselbaai by haar sussie rond, of sy is by die kleinkinders in Midrand. Verder stap sy saam met Elize, speel Vrydagmiddae bingo by Bergvallei, terwyl sy haar kreatiewe kant met Diamond Dotz uitleef.

# Ons leer ken ...



## Gerhard de Wet

Gerhard het in die Daspoort-area opgegroei as die oudste van drie broers. Terwyl hy as ambagsman opgelei is, het hy later konstruksiewerk gedoen en ook vir tien jaar lank 'n funksie-boot op Roodeplaatdam – voor dié boot in 2007 gesink het – bedryf.
Die afgelope paar jaar het Gerhard 'n indiepte-studie van slakke begin doen wat daartoe gelei het dat hy nou saam met 'n vennoot met slakke begin boer het. Enersyds word die vleis aan restaurante beskikbaar gestel en andersyds is hulle nou in die afrondingsfase om 'n gesigsroom te ontwikkel en bekend te stel.
Gerhard se enigste dogter woon in Krugersdorp, waar sy kleindogter tans in matriek is, terwyl sy kleinseun in die Midrand-omgewing woon. Gerhard was al die jare in Andeon-gemeente en het einde 2025 hier in ons omgewing ingetrek. As hy nie aan die werk is nie, hou Gerhard baie van kosmaak!

## Pieter en Anathea van der Westhuizen



Pieter en Anathea is al goed bekend met ons gemeente, want Anathea se ma, tant Minnie Lötter, is ook by ons in die gemeente. Pieter het in die Mooinooi-omgewing opgegroei as een van vyf kinders, terwyl Anathea as een van drie kinders in Brits grootgeword het. As dertigers het hulle mekaar leer ken en is hulle getroud. Hulle het een dogter, Anemie, wat naby hulle bly en werk. Pieter is 'n gekwalifiseerde paneelklopper, maar moes as gevolg van sy gesondheid aftree. Tans is hy besig om tuindienste in die Mountainview-area te ontwikkel. Anathea werk met ABSA se internasionale transaksies by hul hoofkantoor in Johannesburg. Terwyl Anathea in haar tuin en met haar plante tot rus kom, geniet Pieter die viswaters en ook om met hout te werk.

## Rensie Honey en Vanessa, Eric en Richard White




Rensie en haar man, Redge, was tot Julie 2021 deel van ons gemeente. Toe het hulle by hul kinders aan die Natalse Noordkus gaan bly, waar Redge in April 2022 oorlede is. Rensie het twee kinders, haar dogter, Vanessa, by wie sy tans bly, en haar seun, Richard, wat in Somerset-Wes woon. Vanessa en haar man, Peter White, is amper tien jaar gelede al Noordkus toe, waar hul twee seuns, Eric en Richard, dan ook opgegroei het. Vanessa en die twee seuns het nou saam met hul ouma, Rensie, teruggekom, terwyl Peter nog in die Ballito-omgewing aan die werk is. Eric is tans in graad 11 by Hoërskool Overkruin, terwyl Richard in graad 7 by Laerskool Wonderboom is. Terwyl Rensie amper dertig jaar in verskillende hoedanighede by Hoërskool Oos-Moot gewerk het, is Vanessa as mondhigiënis opgelei. Eric het in hul tyd in KwaZulu-Natal in robotika uitgeblink, terwyl Richard gretig is om enigiemand op die skaakbord uit te daag!

**Dis heerlik om hierdie ou bekendes weer terug by ons in die gemeente te verwelkom. Mag julle ook saam met ons die genade van ons Here elke dag beleef en mag ons Hom saam dien en aanbid!**

# Kollig op ons kommissies en diensgroepe

## Versorging en barmhartigheid

In die reeks oor die diakonie se diensgroepe spits ons hierdie maand ons aandag toe op **versorging en barmhartigheid.**

Streng gesproke is hierdie kritieke diensgroep presies waarvoor die diakonie in 61 n.C. ingestel is. (vgl. Fil. 1:1). Alhoewel die diensgroepstelsel eers onlangs in ons gemeente in werking getree het, het hierdie belangrike werksaamhede wel plaasgevind en was die oorgang na die nuwe stelsel maklik. Die diensgroep se koördineerders is br. Hero en sr. Izelle Vierbergen.

Die primêre funksie van liefdadigheid is **hulpverlening aan behoeftiges, hetsy dit individue, egpare, gesinne of selfs instansies,** bv. President Kruger Kinderhuis is. Deurlopende skakeling met hierdie entiteite is uiters noodsaaklik omrede spoedige ingryping kritiek is. Spoedige optrede dra ook daartoe by dat hulpverlening positiewe resultate lewer. Vordering word deurlopend gemonitor en word sorgvuldig geadministreer. Rekordhouding van besluite geneem word noukeurig genotuleer. Koopbewyse en kontantuitbetalings word met versigtigheid hanteer en aangewend.

Die maandelikse diakonale bydrae vanaf GK Pretoria-Annlin aan die President Kruger Kinderhuise word gelykop tussen die Pretoria- en die Reddersburgkinderhuis verdeel. Alle statutêre en departementele verpligtinge is tans op datum.

Dit is baie belangrik om te weet dat die versorgingsgroep ten **doel het om alle hulpbehoewende lidmate in ons gemeente, en in uitsonderderlike gevalle nie-lidmate wat die gemeente om hulp nader, by te staan.** Dit sluit in finansiële hulp, praktiese hulp (wanneer benodig), geestelike bemoediging, gereelde huisbesoek en finansiële opleiding soos byvoorbeeld die opstel van ’n begroting.

Alle gevalle van hulpverlening word uiters vertroulik hanteer. As u van iemand weet wat dringend hulp benodig, kontak gerus vir sr. Izelle. Haar kontakbesonderhede verskyn agterop ons 2026 kerkkalender. U is ook welkom om een van ons gemeente se diakens te nader.

In die volgende uitgawe sal ons die drie jeuggroepe en hulle aktiwiteite bespreek.

# Diakonie

## Nasionale Diakonale Kongres

## Deel 4: Kontak en kommunikasie tussen GKSA se diakonieë

(Opsomming van 'n gesprek met di. Peter Venter en Herens (Oupa) Nkoana)

Kerkorde 84 stel dit onomwonde dat niemand oor iemand anders heers nie. Dit is daarom belangrik dat diakonieë oor gemeentegrense kontak met mekaar het en hande vat. Ons is deel van 'n plaaslike gemeente, maar ook deel van 'n kerkverband. In die uitoefening van die diakonale amp is daar ongelooflik baie vryheid. Tog is daar bepaalde grense. Vryheid sonder grense skep chaos. Daar moet dus 'n duidelike kanaal wees waar diakonieë met mekaar kan praat.

Wat kan die SDDS (Sinodale Deputate vir Diakonale Sake) vir die diakonieë doen? Die SDDS is slegs 'n kanaal en spreekbuis en kan vir geen kerkraad of diakonie sê wat om te doen nie. Die SDDS wil geensins die gesag van die plaaslike gemeente wegvat nie en daarom is dit belangrik om op klassisvlak as diakonieë met mekaar te gesels. Daar kan nie voorgeskryf word oor hoe om met die gawes te werk nie, maar die SDDS kan wel sê hier is 'n kanaal, hier is die skakelpersoon, hier is 'n kontakpunt. Die skakeling tussen diakonieë is daar om 'n klomp gawes en wysheid bymekaar te kry, om bymekaar te kan leer om sodoende by ons eie gemeentes doeltreffend te kan funksioneer.

Dit is ongelooflik belangrik dat gemeentes eers in hul eie omgewing moet fokus. Begin eers by die huis. Raak betrokke by die skool. Kontak die skoolhoof. Die diakonale amp word dikwels gereduseer tot net 'n barmhartigheidsdiens. Om net broodjies uit te deel, maak die diakonie geestelik leeg. Dan is dit nie meer 'n liefdesdiens vir Christus nie!

**Hoe kan diakonieë uitreik?**

Die belangrikste hier is die "oop" kanaal. Ons moet met mekaar praat. Visitasie speel 'n kritiese rol. Is daar middele? Is daar 'n "hart" probleem? Kom ons wees eerlik met mekaar. Dit gaan nie daaroor wie ek kan help nie, maar wie ek kan vra om te help! Om mekaar te kan help, moet ons mekaar ken. Die eerste ding om te doen, is om uit te reik.
Een woord: **Betrokkenheid!**

In deel 5 (Maart 2026) kyk ons na die SDDS Maatskappy en sy werksaamhede.

# Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydraes wat deur van ons lidmate ingedien is:

Beperkte tyd

Na 8 jaar verskuif die tyd.

Die man met die maatstok vat my uit na die buitenste oospoort van die tempel. Water syfer deur van onder die tempeldrumpel en regs langs die poort uit. Dis suiwer.
Die man meet 500 m van die tempelpoort af. Ek loop nou enkeldiep in die stroom water.
Nog 500 m meet hy af en water spoel oor my knieë; ek voel gerus met die bodem onder my voete.
Nog 500 m en die water bereik my heupe. Ek voel die stroom wat sterker vloei, my oë soekend na my gids.
Die maatstok meet weer: Sou dit nog 500 m wees, voer die stroom my mee en ek is bang vir diep water wat oor my kop sal spoel. Ek swem.

Ek staan op die wal.
Sien jy dit, mens?
Ons stap terug en al langs die stroom hang vrugte swaar aan groot en hoë bome.
Die man sê: Dié water vloei oos na die Jordaanvallei en die Dooie See sal vars word.
Ek sien die oordaad van alle vorms van lewe oral waar die water loop.
Ek sien nuwe lewe, ek sien oorvloed, ek sien die helende blare van die Boom van die Lewe.
Ek vat die helende blare, ek vat die Lewende Woord en die Here verskuif my tyd.

Ek leer om meer te vertrou en om meer te glo. Ek leer om tevrede te wees ten spyte van my omstandighede.
Ek leer dat God my lief het.
Ek leer dat niks my van Sy liefde kan skei nie.
Ek eet nie meer die brood van smart nie, want die Here voorsien vir my terwyl ek slaap omdat Hy my lief het.
Esegiël 47:1-12; Openbaring 22:1-2; Psalm 127.

Naskrif. In 2017 word ek met kolorektale kanker gediagnoseer en ontvang ingrypende sjirurgie; onmiddellik is my toestand Fase 4. My lewensverwagting is 5-7 jaar. Ek is 59 jaar oud. Ek ontvang 6 jaar lank tweeweekliks binne-aarse chemoterapie en ten spyte daarvan versprei die kanker na beide my longe en my bors. My liggaam word weerstandig teen alle moontlike behandeling en dit word gestaak.

In Augustus 2025 is my einde in sig: vriende kom groet, my dogter vlieg uit Sjina om my vir oulaas te sien. Ds. Pieter kniel langs my bed om my te hoor fluister dat ek reg is om te gaan. Hy begelei my. Teen einde September begin my liggaam herstel en, ten spyte van vrees vir metastase na die brein, bly dit ongeskonde en helder: Die MRI van die brein is skoon. Een van 2 letsels in die lewer wat vergroot het, krimp dramaties; geen nuwe groei is sigbaar in my ander organe of longe nie.

Die Here loop 'n genadepad met my en ek betree 'n nuwe fase van diensbaarheid.
Aan God al die éér!

Jesus se liefde borrel ook in ons jonger lidmate ...
Een van ons laerskoollidmate vertel die volgende:

"By die skool het ek gesien dat 'n maatjie heeltyd in die klas huil omdat hy na sy mamma en pappa verlang. Ek het pouse vir hom 'n paar 'tissues' gevat en vir hom gesê dat dit nog net 'n rukkie is voordat sy mamma en pappa hom kom haal. Hy het saam met my kom speel en nou huil hy nie meer by die skool nie."


# Blokraai
# Februarie 2026

**Vorige korrekte blokkiesraaisels:**

**Rita Kruger**
**Hettie Wannenburg**
**Jan Rehder**

- Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- Maak 'n kopie/afskrif en voltooi dan die blokkiesraaisel. Vir die gerief van ons ouer lidmate is 'n paar kopieë op die kennisgewingbord beskikbaar.
- Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

## Naam en van: ______________________



# Blokraai (vervolg)

**Leidrade – Af:**

1. Wat is klein Kaci Dobson se oupa en ouma se van? [uit Genade op genade]
2. Waarmee boer br. Gerhard de Wet? [uit Ons leer ken ...]
5. Waar het sr. Rensie en die Whites vir lank gewoon? [uit Ons leer ken ...]
8. Watter tipe godsdiens moet ons volgens Jakobus in ds. Pieter se woordoordenking leef?
10. Wat is die spreker in Nicola se kortverhaal se naam? [uit Die meisie wat been-af was]
12. Wat is br. Pieter en sr. Anathea van der Westhuizen se dogter se naam? [uit Ons leer ken ...]
13. Wat is die eerste groepsaksie wat deur tieners gedoen kan word om hul geloof in aksie om te skakel? [uit Aksie in ons geloof]
16. Volgens die artikel Geloof. Hoop. Liefde. is geloof alleen nie genoeg nie, want dit moet oorgaan tot ___.

**Leidrade – Dwars:**

3. Die uitdrukking waarop daar in die artikel Glo om te sien – geloof word dade! gesinspeel word, is sien is ___.
4. Na watter Bybelboek verwys Carina in haar gebed vir ons gemeente en kerk? [uit Geloof IS aksie]
6. Noem een van die susters wat tydens die kerkraadbraai gehelp het. [uit Gaan ons oorleef?]
7. Hoeveel nuwe geloofsussies bly in Bergvallei? [ uit Ons leer ken ...]
9. Wat is die koördineerder van die Versorgingsgroep se naam? [uit Diakonie se diensgroepe]
11. Uit watter Bybelboek kom die teksvers vir die maand? [uit 'n Fokus op geloofsaksie]
14. Watter makgemaakte diere is selde geslag? [uit Diere en voëls van die Bybel]
15. Waar word die woord geloof die minste gebruik? Die ___ Testament. [uit Het jy geweet?]
17. Wie het die foto's van die graad 1's wat hul Bybels ontvang, geneem? [uit Graad 1's begin hul kategese]
18. As jy by 'n kommissie of diensgroep betrokke wil raak, waar kan die nodige kontakpersone se inligting bekom word? [uit Gebruik jou Geestesgawes]

## Het jy geweet?

Gerhard van Staden

Die geloofsvolharding van die mense van die ou tyd word per definisie van wat geloof is in Hebreërs 11:1 omskryf as: "**Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie".**
Jou geloof moet vir jou die bewys wees van die realiteit van alles wat God beloof het.


Bronnelys:
Strehler, D. 2014. 'n Ontdekkingsreis deur die Bybel vir kinders. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.


Die woord **"GELOOF"** word 245 keer in die Nuwe Testament gebruik, maar slegs twee keer in die Ou Testament.


Bronnelys:
Fassinerende feite uit die Bybel, JUIG! Tydskrif, s.a. Kaapstad: JUIG! Tydskrif.

# Diere en voëls van die Bybel

## Makgemaakte diere (Deel 1)


Gerhard van Staden

In hierdie nuwe reeks oor diere gaan ons hoofsaaklik fokus op die soogdiere wat in die Beloofde Land voorgekom het. Ons begin met die makgemaakte diere.

Dit is baie belangrik om te weet dat makgemaakte diere as 'n geheel, of alternatiewelik 'n groot gedeelte daarvan, op 'n permanente grondslag makgemaak is. Die diere se temperament in geheel het dus heeltemal verander. Die diere het dan ook die mens as sy nuwe leier aanvaar. Daarteenoor word wilde diere wat individueel deur die mens hans grootgemaak is, as getemde diere beskou. Bokke, skape en beeste word as herkouende, gesplete hoefdiere en as makgemaakte diere beskryf.




Bokke: Bokke was baie belangrik vir die nomade. Hulle vleis is geëet (Deut. 14:4) en velle is gebruik om waterbottels, klere en skoene te maak. Selfs hulle hare (die bokke s'n!) is gevleg om matte mee te maak. Hulle is ook as offerdiere gebruik (Eks. 20:24). In Eksodus 23:17 is daar 'n eienaardige dieetvoorskrif in die Joodse wet: "Jy mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie."



Skape: Skape was ook veeldoelige diere. Hulle vleis, (vgl. Deut. 14:4; 1 Kon. 4:23), velle en wol is tot die maksimum gebruik. Hulle is ook as offerdiere gebruik (vgl. Eks. 20:24; 1 Kon. 8:63). In Genesis 30:37-39 lees ons dat Jakob gestreepte en gespikkelde skape geteel het deur hulle voor stokkies, met strepe op geverf, te laat paar (vgl. Jakob en Laban se gekullery!). Dan is daar ook nog die gelykenis van die verlore skaap (vgl. Luk. 15:1-7; Matt. 18:12-14).

Beeste: Beeste is aangehou vir hulle melk (die koeie, natuurlik!), vleis (vgl. Deut. 14:4; 1 Kon. 4:23) en velle. Neem kennis, hulle is nie te dikwels geslag nie. Hoekom nie? Wel, 'n boer se rykdom is gemeet aan die hoeveelheid beeste wat hy gehad het. Beeste is ook gebruik om waens en ploeë te trek (Job 1:14). Hulle is ook as offerdiere gebruik (vgl. Eks. 20:24; 1 Kon. 8:63).

In ons volgende artikel (Maart 2026) kyk ons na die pakdiere.



Bronnelys:

Candale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, MI: Zondervan Publishing House.

Van der Walt, Jan, et al. 2023. Die Bybel A – Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

# Aksie in ons geloof: Wat beteken dit vir ons as tieners om aksie in my geloof te hê?

Henriëtte Mulder

Ons geloof word van kleintyd af deur Bybelse verhale aan ons voorgehou, maar soos alle mense leer mens deur voorbeelde wat mens sien. Ja, die Bybelse verhaal waar Daniël se geloof hom in die leeukuil gered het, of waar Ester se geloof haar gehelp het om haar volk te red, is goed om te ken en na te streef.

Ongelukkig is ons geneig om die voorbeelde wat ons by die huis, skool en onmiddellike omgewings, en ja, ook op sosiale media kry, makliker na te volg. Hierdie voorbeelde is konstant in ons gesigte en ons verloor baie keer die regte pad – die pad wat Jesus met bloed vir ons gekoop het.

Indien ons dade (aksies) hand aan hand loop met ons geloof, word ons geloof sigbaar vir ander en kan daar nie van ons gesê word dat ons skynheilig is nie.

## SO, HOE KAN EK AKSIE IN MY GELOOF HÊ?

Om geloof met aksie uit te leef, moet ons die Woord ken – dus kan ons begin om meer gereeld goeie Bybelstudie te doen (nie net 'n vers of twee voor ons doodmoeg aan die slaap raak nie). Ons kan selfs Bybelstudie saam met ons vriende doen en die vrae wat ons het, so een keer 'n maand aan iemand wat meer volwasse in die geloof is, vra.

Ons kan ons geloof uitleef deur op te staan vir dié wat by die skool geboelie word, of 'n ekstra broodjie vir die honger kind saamvat.
Ons kan geduld aan die dag lê wanneer iemand wat iets minder as ons verstaan, vrae vra.

Nie al ons aksies hoef so groot te wees soos baie van die Bybelse verhale nie, want klein aksies maak groot golwe.

Sit saam met vriende of jou gesin en gesels oor of jou geloof in aksie deurkom en indien nie, wat jy kan doen. Begin klein.

Die belangrikste is om vir God te vra om jou aan die hand te vat en te lei – op jou eie kan jy nie. Hoe meer jy groei in die geloof, hoe makliker sal baie dade (maar nie alles nie) kom.

## GEBED:

Vader Heer, baie dankie dat U geloof aan my geskenk het. Leer my dat my geloof nie onsigbaar deur die wêreld gaan nie, maar sigbaar is in aksies in my gesin, skool, kerk en wyer gemeenskap. Op my eie weet ek dat ek nie kan nie.

AMEN

# Kinderhoekie

## Die meisie wat been-af was

Nicola du Plessis

Die Skoolkoerant verskyn op ’n Vrydag. Op ’n Donderdag spog die plakkate met hoofopskrifte reeds teen die heining waar jy by die hek instap. ’n Opskrif vang my oog ...

**‘Monique Kriel been-af na eerste atletiekbyeenkoms’**

Ek het al van baie dinge gehoor, maar dié is ’n eerste. Hoe op dees aarde kry jy dit reg om been-af te wees nadat jy een keer atletiek gekyk het?

“Dis nie normaal nie,” sê ek pouse vir Lea, my beste vriendin.

“Dalk ken sy een van die ouens van ’n vorige skool af, hier is juis ’n hele klompie nuwe ouens,” bespiegel Lea.


“Ja, moontlik, maar ek dink tog ons moet ondersoek instel. Ek ruik ’n rot.”

“Nou is die enigste vraag: hoe gaan ons uitvind wie Monique Kriel is? Nie een van ons is juis goed daarmee om mense te leer ken nie.”

“Wel, ons kan altyd kyk watter meisie lyk nie bekend nie en dan net na haar toe loop en vra: ‘Is jy Monique?’ Maklik soos dit.”

“Nou goed.” Lea lyk effens skepties oor my briljante plan, maar stem tog in.

Pouse staan ons soekend en rondkyk, maar daar is geen teken van die nuwe meisie nie. Almal is ou bekendes. Die klok lui skril. Teleurgesteld loop ons terug klas toe. Ek hoop maar net tweede pouse lewer beter resultate.



Die periodes sleep stadig verby. Toe die klok uiteidelik lui vir tweede pouse is ek en Lea een van die eerstes op die speelgrond. En toe sien ons ’n onbekende gesig. Groen oë, rooi krulle, ’n effense wipneus en helder groen ... krukke?

’n Vriendelike glimlag speel om haar mondhoeke toe ons nader stap. “Ek neem aan julle het die plakkaat gesien?”

“Ja, nuus versprei nogal vinnig, die feite kom eers later in die prentjie.” Ek beduie na haar krukke.

“Dit sal ons leer om nie alles altyd figuurlik op te neem nie,” sê Lea met ’n glimlag. “O ja, ek’s Lea en dié, Adelle. As jy ooit pouse iemand soek om by te sit, ons sit gewoonlik daar oorkant, op die bankie onder die groot boom.”



## Kleuterpret


### Inkleurprent

Vra vir Mamma of Pappa om ’n afskrif te maak van hierdie bladsy. Plaas dan jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



## Geloof is aksie blokkie

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak. Sny dan die blokkie uit en plak hom aanmekaar om 'n kubus te maak. Gooi jou blokkie en gaan doen die aksie waarop hy land om ook jou geloof in Jesus uit te leef.



# Briewekolom

Geliefde Broers en Susters in Christus,

Met diep dankbaarheid en nederigheid wil ons namens die Koningskinders van die Gereformeerde gemeentes Wonderboompoort en Daspoort ons opregte dank uitspreek teenoor elkeen wat deel was van ons onlangse kamp in Desember 2025. Dit is vir ons 'n voorreg om te kon terugkyk op 'n kamp waartydens ongeveer 110 mense saam die Here gedien en Sy liefde prakties uitgeleef het.
Deur u vrygewige ondersteuning—hetsy deur die borg van kinders, skenkings van kos, Bybels, kospakkies en ander noodsaaklikhede—het u 'n direkte rol gespeel in die lewens van baie kinders. Hierdie bydraes het nie net fisiese behoeftes aangespreek nie, maar het ook gehelp om 'n omgewing te skep waar kinders veilig, geliefd en waardevol kon voel.

Gedurende die kamp was ons saam besig met Bybelstudies, waarin die Woord van God sentraal gestaan het. Ons het ook tyd ingeruim vir swem, speletjies, spanbou-aktiwiteite en bergklim, wat nie net vreugde gebring het nie, maar ook verhoudings versterk en selfvertroue opgebou het. Deur al hierdie aktiwiteite het kinders die geleentheid gekry om die Here se skepping te geniet en Sy liefde op 'n praktiese en tasbare manier te ervaar.

Ons erken met dankbaarheid dat hierdie kamp slegs moontlik was deur die genade en leiding van die Here: "As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter." Psalm 127:1

Ons sien u ondersteuning as 'n daad van gehoorsaamheid en liefde—'n ware uitlewing van die evangelie. U bereidwilligheid om te gee, het 'n blywende impak gemaak, nie net vir die duur van die kamp nie, maar ook in die geestelike saad wat in jong harte gesaai is.
Die Skrif herinner ons ook: "En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie." Galásiërs 6:9

Ons bid dat die Here elkeen van u ryklik sal seën, u werk sal beloon en u harte sal versterk. Mag Hy die saad wat gesaai is laat groei tot vrug wat bly, tot eer van Sy Naam.
Nogmaals, baie dankie vir u betrokkenheid, gebede en onbaatsugtige liefde. Dit is 'n seën om saam as kinders van die Koning te kan arbei. Met opregte dank en seënbede.

Koningskinders en Bestuur



KONINGSKINDERS

# Advertensies

## Suffelfontein



Tweedehandse enkelbed te koop.
R1 500.00
Skakel Neels Smit by 081 001 9385.



Tweedehandse drukker te koop.
R980.00
Skakel Neels Smit by 081 001 9385.

Musiek lesse in:

- Blokfluit
- Saksofoon
- Klassieke kitaar
- Klavier

- Een maal per week
- Benodig eie instrument

- Leer om bladmusiek te lees en te skryf
- Teorie ingesluit in elke les
- Kan deelneem aan Unisa-eksamens en kunstefees
- Theresapark-omgewing

Kontak vir Martie Viljoen by 082 718 6873 as jy belangstel!

## Blokadvertensies









## DIE FONTEIN GELDJIES

**Ons herinner ons lidmate wat papier weergawes van Die Fontein Maandblad ontvang om asb. hul R200 donasie vir die jaar sal inbetaal. Dit help baie om die drukkostes te dek! Dit kan in die kerkkasrekening inbetaal word met verwysing: Maandblad of Die Fontein. Baie dankie!**

# Advertensies

## Blokadvertensies










Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

www